

10

GEBED

Ons prys en dank en vra

ALGEMENE DOELSTELLING

Die kinders moet weet dat ons altyd met God mag praat.

SPESIFIEKE DOELSTELLING

Kennis

Die kinders moet weet –

- om te bid, is om met God te praat.
- ons moet God prys en dank.
- ons mag ook vir God iets vra.
- dat Jesus ons leer om te bid.

Gesindheid

Die kinders moet die begeerte hê om God te prys en dank.

Vaardigheid

Die kinders moet –

- in staat wees om oor alledaagse sake te bid.
- hul eie gebed neerskryf waarin hulle God dank en prys vir spesifieke dinge.

MEER INLIGTING (Matteus 6: 9-13; Esra 3: 10-13; Daniël 6: 11; 1 Tessalonisense 1: 2)

Om te bid, is niks anders nie as om met God te praat. Wanneer ons tot God bid of met Hom praat, is daar verskillende redes hoekom ons dit doen. Eerstens wil ons vir God erkenning gee omdat Hy almagtig en wonderlik is, omdat Hy ons almal liefhet en omdat Hy vir ons omgee. God is ons Vader wat ons oneindig liefhet en vir ons alles gee wat ons nodig het om te leef. Daarom dank en prys ons Hom vir wie Hy is en vir alles wat Hy uit genade vir ons gee.

Omdat God ons Vader is, weet en verstaan Hy wat in ons lewens aangaan. Wanneer ek sonde gedoen het, kan ek dit voor Hom bely, met ander woorde, ek vertel vir God dat ek jammer is vir dit wat ek verkeerd gedoen het, en ek vra Hom om my te vergewe. Ek weet dat God my sal vergewe, omdat Jesus Christus vir ons almal se sondes aan die kruis gesterf het.

Die *Ons Vader*-gebed wat Jesus vir sy dissipels geleer het, is 'n voorbeeld van 'n gebed wat uit verskillende dele bestaan. Daarin leer Jesus ons dat ons God moet dank en prys, dat ons ons skuld voor Hom moet bely en dat ons kan bid vir ons daaglikse brood. Dit beteken ons kan vir die Here vra om vir ons alles te gee wat ons nodig het om van te leef. Onthou, God sal gee wat ons nodig het en nie wat ons graag wil hê nie. Die Here weet wat vir ons die beste is, daarom gee Hy ook net dit wat vir ons goed is. Omdat Hy vir ons alles gee wat nodig is, moet ons tot sy eer lewe.

Ons moet leer om nie net vir onself te bid nie. Ons moet ook vir ander mense bid, vir mense wat siek is en wat nood het. Ons moet gereeld bid. Ons kan enige tyd en enige plek bid, want God is altyd by ons. As ons leer om gereeld te bid, versterk dit ons geloof en maak dit ons verhouding met God sterk.

AANBIEDING

Jy het nodig

- 'n Potlood.
- Indien prakties moontlik, moet jy reël dat julle Gesang 528 sing.

KOM ONS BEGIN

- Open met Gesang 528 as gebed. Sing dit saam of lees dit voor.

*Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U, Pottebakker, met my, die klei.
Vorm my en maak my volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig stil.*

*Leer my u wil, Heer, u plan vir my;
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:
As ek dan swak is, maak U my sterk.*

*U gee u gawes net soos U wil;
almal is diensbaar, elk met verskil.
Vul met u Gees my, breekbare kruik,
dat U my oral nuttig gebruik. Amen.*

- Lees Matteus 6: 9-13 uit die Bybel.

HET HULLE ONTHOU?

- Laat enkele kinders vertel hoe hul besoek by 'n siek persoon verloop het.

- Kontroleer of hulle die volgende ken en kan motiveer:
 - Waar of vals: Net sekere persone word siek. (*Vals. Ons almal kan siek word.*)
 - Waar of vals: Alle siektes is ewe ernstig. (*Vals. Daar is ernstige en minder ernstige siektes.*)
 - Waar of vals: God gee net om vir sekere persone wat siek is. (*Vals. Wanneer jy siek is, moet jy weet God gee vir jou ook om.*)
 - Waar of vals: Siekte is 'n straf van God. (*Vals. Siekte is deel van hierdie onvolmaakte wêreld waarin ons bly.*)
 - Noem vier redes hoekom mense siek word. (*Hulle eet verkeerde en ongesonde kos. Hulle rook en drink te veel. Die lewe is gejaagd. Ons kry te min of geen fisiese oefening.*)
 - Voltooi: Wanneer iemand siek is, moet ons vir hulle (*bid*)

VANDAG LEER ONS

BEGIN SO

Kinders, julle weet, ons ouers is soms so besig dat hulle nie altyd tyd het om te luister as ons praat nie. Ons gaan vandag leer van iemand met wie ons altyd kan praat. Daardie iemand is God.

IETS INTERESSANT

Gebed is om met God te praat. Ons kan enige tyd en enige plek met God praat. In die Bybel gee Jesus vir ons 'n voorbeeld hoe ons kan bid. Ons het netnou die gebed uit Matteus 6 gelees. Wanneer ons bid, is daar verskillende redes hoekom ons bid. Ons prys en dank God vir alles wat Hy elke dag vir ons gee. Ons prys Hom omdat Hy ons ten spyte van al ons sondes liefhet. Daarom vra ons Hom om ons sondes te vergewe. Ons kan bid vir mense wat probleme het, mense wat siek is, mense wat arm is en mense wat swaarkry. Ons kan die Here van al ons hartseer vertel. Ons kan vra vir alles wat ons nodig het. Wanneer ons gereeld bid, word ons en God net liewer en liewer vir mekaar. Ons sê ons geloof en ons verhouding met God word versterk.

IETS BELANGRIK

Beklemtoon die volgende feite:

- Om te bid, is om met God te praat.
- God het ons oneindig lief en gee vir ons alles wat ons nodig het om van te lewe.
- Daarom dank en prys ons Hom.
- As ek sonde gedoen het, kan ek vir God vertel dat ek jammer is en vra dat Hy my moet vergewe.
- Ek weet dat God my sal vergewe, omdat Jesus vir ons sondes gesterf het.
- In die *Ons Vader*-gebed leer Jesus ons –
 - dat ons God moet dank en prys.
 - dat ons ons skuld voor Hom moet bely.
 - dat ons kan bid vir alles wat ons nodig het.
- God sal vir ons gee wat ons nodig het en nie wat ons graag wil hê nie.
- Die Here weet wat vir ons die beste is, daarom gee Hy ook net dit wat vir ons goed is.
- Omdat Hy vir ons alles gee wat nodig is, moet ons tot sy eer lewe.
- Ons moet bid vir onself, vir mense wat siek is en vir mense wat nood het.

- Ons moet gereeld bid.
- Ons kan enige tyd en op enige plek bid, want God is altyd by ons.
- As ons gereeld bid, maak dit ons verhouding met God sterker.

IETS OM TE DOEN

- Laat elke kind sy of haar hand met oop vingers in die boekie afteken.
- Help hulle om bo elke vinger die hoofpunte te skryf waarvoor gebid kan word:

Ek prys die Here. Ek sê dankie. Ek bid vir ander. Ek bid vir myself. Ek bely my sonde.

BY DIE HUIS

Doen

Laat die kinders in die raampie 'n paar gedagtes neerskryf waarvoor hulle hierdie week kan bid:

- Ek sê vir die Here dankie vir
- Ek bid vir
- Ek sê ek is jammer oor

Leer

Laat hulle die volgende gaan leer:

As ek bid –

- dank en prys ek die Here.
- bid ek vir myself en vir ander.
- vra ek die Here om my te vergewe.

AFSLUITING

Sluit af met 'n gebed wat prys, dank en vra insluit.